Woensdag 1 Desember 2010

Gebedsfokus op 16 Dae van Aktivisme teen gesinsgeweld: 25 November – 10 Desember 2010

Indoktrinering kan verkillende vorms aanneem, verbaal en emosioneel. Voorbeelde van **verbale indoktrinering** is: —Intimidering (Daar word geïmpliseer dat as jy nie doen wat die intimideerder wil hê nie of weier om sy geloof en oortuigings te aanvaar, dit ernstige gevolge vir jou sal hê); Indoktrinering (Oortuigende herhaling van stellings wat teenstrydig is met jou eie waardes en oortuigings), —Diskreditering (Verkleinering van jou, jou familie en vriende wat nie saamstem met die intimideerder nie), —Degradering (Skelname, beledigings, spot en vernedering) en —Etikettering (Beweer dat jou idees kinderagtig, dom of waansinnig is) (**Ps.35:20).** Bid vir *jouself of vir iemand wat jy ken as jy tekens van hierdie gedragspatrone waarneem in jou eie of in ander se gedrag. Vra dat die Heilige Gees die hart van die hemelse Vader aan hulle sal openbaar, en om hulle te oortuig van Sy liefde, sodat hulle self sal besluit om hierdie afbrekende gedrag te staak en restitusie sal doen teenoor dié wat hulle onderdruk of mishandel het.*

Gebedsfokus op gesondheid: *Wêreld VIGS dag*

Wêreld VIGS dag, wat jaarliks op 1 Desember gehou word, is 'n belangrike geleentheid waar regerings, nasionale VIGS-organisasies, geloofs- en gemeenskapsorganisasies en individue van regoor die wêreld die aandag vestig op die VIGS-epidemie en die groot behoefte vir globale toegang tot versorging. Christen-organisasies het 'n spesiale verantwoordelikheid teenoor mense wat met MIV/VIGS leef, of wat blootgestel is aan infektering. Webwerf: http://www.e-alliance.ch/en/s/MIVaids/world-aids-day/ Bid steeds dat Christene betrokke sal raak by die versorging van MIV/VIGS-slagoffers in Suid-Afrika. Net een huis waarin VIGS-weeskinders versorg word, verander die lot van 'n paar kosbare kinders. Bid dat Christene nie oorweldig sal word deur die omvang van die probleem nie, maar prakties sal ingryp waar God hulle oortuig om dit te doen.

Donderdag 2 Desember 2010

Gebedsfokus op 16 Dae van Aktivisme teen gesinsgeweld: 25 November – 10 Desember 2010

Indoktrinering kan verskillende vorms aanneem, verbaal en emosioneel. Voorbeelde van **emosionele indoktrinering** is: —Isolasie (Ontneem jou van al jou buite bronne van emosionele en sosiale ondersteuning), —Gedwonge uitputting (Om jou wakker te hou, jou slaap te onderbreek, jou fisies of emosioneel uit te put), — Die afdwing van oormatige inskiklikheid (Militante afdwing van onbelangrike eise), —Ignorering (Weerhouding van emosionele ondersteuning, maar latere ontkenning daarvan), —Doelbewuste vergeetagtigheid (Doelbewus nalaat om beloftes en ooreenkomste te hou), —Uitbuiting (Om jou of iemand naby aan jou te gebruik vir eie selfsugtige voordeel) **(Ps.143:3-4**). *Bid vir jouself of iemand wat jy ken as jy sommige van hierdie gedragspatrone by ander of by jouself waarneem. Roep uit tot God ter wille van almal wat ander op enige van hierdie maniere mishandel, dat hulle 'n drastiese, ingrypende openbaring sal kry van dit wat hulle besig is om te doen, dat hulle tweedens sal begin verstaan dat God se liefde vir hulle heeltemal verskil van hulle liefdelose optrede teenoor ander. Bid vir opregte berou, dat hulle hulle harte tot God sal keer en sal regmaak wat hulle verkeerd gedoen het.*

Gebedsfokus op Israel: Fokus op Hanukkah

Hanukkah (beteken 'toegewydheid'), 'n fees wat Jesus bygewoon het (**Joh. 10:20**), word hierdie jaar vanaf 2-9 Desember gevier. Dit herdenk die oorwinning van 'n handjievol Israeli's oor die Griekse ryk wat Israel in die vroeë geskiedenis beset het. Jode is tydens hierdie besetting geforseer om hulle geloof te verloën en die *Torah* te verbrand (5 Boeke van Moses). 'n Vark is in die tempel geslag en 'n beeld van die Griekse god, Zeus, is in die tempel opgerig om dit te ontheilig. 'n Klein groepie gelowige mans wat vasgestaan het in hulle geloof (167 VC) het 'n teenaanval geloods. Drie jaar later is die tempel skoongemaak en weer aan die Here toegewy. Die oorwinnningsfees word steeds gevier. Bid dat die Here deur Sy Gees Sy Seun Jesus, die Lig van die Wêreld, wat as dienskneg gekom het en as Koning

sal terugkeer, aan die Joodse volk sal openbaar. *Christian Friends of Israel*. Tel./faks: 012 361 1437. Webwerf: http://www.cfijerusalem.org/ of e-pos: allwiese@lantic.net

Vrydag 3 Desember 2010

Hoe doen ek selfondersoek t.o.v. afbrekende gedrag?

Afbrekende woorde is 'n aanval op 'n persoon se menswaardigheid – bv. deur op hulle te skel, of hulle te beledig, hulle aan onaangenaamhede uit hulle verlede te herinner en aanhoudend te kommunikeer dat hulle niks werd is nie. Liefdevolle woorde daarenteen bring genesing. Selfs wanneer 'n spesifieke oortreding aangespreek word, word die persoon nie aangeval nie, maar op die daad gekonsentreer. Dit sluit in om 'n saak met hulle te bespreek sonder om hulle uit te skel, om hulle aan te moedig en nie skeldname te gebruik nie, om hulle te komplimenteer en nie te beledig nie en om hulle te help om hulle toekoms vanuit God se perspektief te sien. (**Jer.29:11**). *Ondersoek jouself en bid oor elkeen van hierdie sake. Vra die Here om jou te vergewe waar jy gesondig het en vra om vergifnis by elkeen wat jy (selfs sonder dat jy dit so bedoel het) verontreg het. Maak veral reg met jou kinders.*

Gebedsfokus op 16 Dae van Aktivisme teen gesinsgeweld: 25 November – 10 Desember 2010

Fisiese mishandeling raak al hoe meer algemeen in ons samelewing. Kinders word groot in gewelddadige gesinne en kulture en beleef later verskriklike vernederings en frustrasie binne sosiale verhoudinge of werksomgewings. Dit kan daartoe lei dat dieselfde kind 'n ander lid van sy/haar gesin begin mishandel en dan as volwassene dieselfde doen aan sy/haar kinders. Alkoholmisbruik vuur geweld aan. Sommige ervaar geweldige gewetenswroeging daarna, maar in ander gevalle is dit bloot sadistiese gedrag. *Bid vir slagoffers van fisiese mishandeling en spesifiek vir dié wat jy ken. Bid vir praktiese maniere waarop hulle hulleself en hulle gesinslede kan beskerm. Bid vir die een wat hulle mishandel – dat hy/sy drasties tot inkeer sal kom, God se onvoorwaardelike liefde sal verstaan en dat die Heilige Gees hom/haar sal help om frustrasie, vernedering en persoonlike emosionele pyn van die verlede te verwerk en daarvan vry te kom. Bid dat hy/sy bereid sal wees om vir professionele hulp te gaan indien nodig. Bid dat die Heilige Gees selfbeheersing in sy/haar hart sal bewerkstellig en vir 'n gewilligheid om te erken dat hy/sy 'n probleem het en bereid sal wees om aandag daaraan te gee en werk te maak van die oorsake daarvan.*

Saterdag 4 Desember 2010

Gebedsfokus op 16 Dae van Aktivisme teen gesinsgeweld: 25 November – 10 Desember 2010

Seksuele misbruik: Verkragting is geforseerde seksuele omgang deur dreigemente, dwang of misleiding. *Statutêre Verkragting* is seksuele omgang met 'n persoon onder die ouderdom wat die wet bepaal – ongeag of dit met of sonder dwang was. *Seksuele aanranding met verswarende omstandighede* sluit die gebruik van 'n wapen, 'n doodsdreigement of ontvoering in. Benewens verkragting deur 'n vreemdeling, is daar ook iets soos 's*pousal rape*', d.w.s. geforseerde seksuele dade met 'n lewensmaat. Meer as die helfte van alle verkragtings word gepleeg deur iemand wat aan die slagoffer bekend is ('n kêrel, familielid, kollega, buurman, vriend of lewensmaat). Dit is baie moeilik om 'n slagoffer te oortuig om verkragting in sulke gevalle te rapporteer. Bid vandag vir elk van hierdie soorte misdaad. Vra dat die Here die slagoffers sal genees, dat die Heilige Gees verkragters sal oortuig van sonde en van Sy plan vir hulle lewens. Bid veral dat verkragtings verhoed of gekeer sal word en dat verkragters landswyd en wêreldwyd tot inkeer sal kom en hulle lewens en gedragspatrone in God se Hande sal oorgee. In Orange Farms (buite Johannesburg) is daar getuienisse van kinders wat hulleself uit potensiële verkragting situasies gebid het. God is die Almagtige vir wie alles moontlik is.

Fokus op wêreldwye voedselsekuriteit

Die kosskure van die wêreld is tans redelik vol en die pryse het begin daal. Klimaatsverandering is egter 'n werklikheid. Van alle plekke tref dit sub-Sahara Afrika die ergste. Oes-opbrengste word hierdeur negatief beïnvloed en die beskikbaarheid van water is 'n groeiende probleem. Webwerf:

http://www.grainmilling.org.za Bid asseblief vir God se openbarings aan almal wat verantwoordelik is vir besluite t.o.v. moontlike oplossings om meer droogtebestande kultivars, wat onder droër omstandighede steeds 'n goeie oes kan lewer, te ontwikkel.

Sondag 5 Desember 2010

Gebed wat deurbrake bring, is gebede waar die kruis van Christus sentraal staan en gebed uit 'n oorgegewe hart (*a surrendered heart*)

"*...Moet nogtans nie doen soos Ek wil nie, maar soos U wil.*" (**Matt.26:39**). "*My Vader, as hierdie lydensbeker nie by My kan verbygaan sonder dat Ek dit drink nie, laat U wil geskied.*" (**Matt.26:42**). God self stel ons in staat om onsself te onderwerp aan Sy wil. 'Oorgawe' is ons bereidheid om God te vertrou en Hom te gehoorsaam. Deur Sy liefde stel Hy ons in staat om ons vertroue op onsself te laat vaar en volkome op Hom te vertrou. Heilige vrymoedigheid word altyd voorafgegaan met 'n nuwe gebrokenheid in die harte van God se diensknegte, waar Christus verhoog word deur ons bewondering en aanbidding van Hom en gehoorsaamheid aan Hom. Sonder Getsémané kon daar geen Golgota wees nie; Golgota kan beskryf word as die uitbeelding in die fisiese werklikheid van die wonder van die Here Jesus se intersessie in Getsémané, waar Christus in gebedsworsteling deurgebreek het; om daarna die kruisdood ter wille van ons te sterf. Net so kon daar nie 'n Pinkster sonder die Kruis wees nie – die Bloed moes op Golgota gevloei het as bron van God se fontein van liefde, voordat die Gees op Pinksterdag uitgestort kon word. Elke priester het 'n altaar en elke altaar vereis offers. Die kruis is die altaar waarop Christus, ons Hoëpriester, Sy lewe opgeoffer het – eens en vir altyd vir die hele mensdom, en waar Hy die prys vir ons redding betaal het deur Sy kosbare bloed. Hy doen Sy werk deur die krag van 'n lewe wat onvernietigbaar is. Die kruis moet sentraal in ons lewens staan – dit is waar ons die openbaring ontvang en deelgenote word van die erfenis wat Christus vir ons deur Sy offer verwerf het. Dit is ook deur die kruis dat ons deur die Heilige Gees in staat gestel word om te kan lewe soos God wil. So 'n Goddelike ooreenkoms of 'ruiltransaksie' sluit in dat Christus ons sonde gedra het, sodat ons vergifnis kan ontvang; Hy is gestraf sodat ons vrede kan ontvang; Hy is verwerp sodat ons aanvaar kon word; Hy het die vloek gedra sodat ons geseën kon word en 'n herstelde verhouding met God kan geniet. Dink biddend hieroor na. Stort jou hart voor God uit en vra Hom om jou hart te verander sodat God se beeld al hoe meer uit jou sal straal. (Deur Catherine Brown; *Gatekeepers Global Ministries*, met enkele addisionele opmerkings).

Gebedsfokus op 16 Dae van Aktivisme teen gesinsgeweld: 25 November – 10 Desember 2010

Verslawing: Substansie-afhanklikheid lei dikwels tot fisiese mishandeling. Daar is soorte mense geïdentifiseer wat verslawende middels misbruik – 'n *Eksperimenteerder* of nuuskierige, *iemand wat vir ontspanning* afhanklikheidsmiddels gebruik - net by spesiale geleenthede soos by partytjies; 'n *gereelde gebruiker* - konstante patroon van verslawing, maar die persoon probeer terselfdertyd 'n normale lewe lei; 'n '*vergryper*' - iemand wat hom daaraan vergryp; 'n *binge user* - gebruik verslawingsmiddels onbeheersd vir 'n kort tydjie en hom/haar dan daarvan weerhou tot die volgende onbeheersde geleentheid; en 'n *afhanklike gebruiker* – iemand wat emosioneel en fisies afhanklik van die verslawingsmiddel is en hulle lewens draai nét daarom om die middel in die hande te kan kry. Bid vir elkeen van hierdie groepe gebruikers. Bid veral dat God Christen-ouers se kinders sal bewaar van eksperimentering. Vra dat Hy ouers sal help om die ware toedrag van sake betyds raak te sien. Bid vir verslaafdes om tot Hom uit te roep vir bevryding en om nuut te kan begin. Bid veral vir ouers, broers, susters en kinders van verslaafdes, dat hulle ten spyte van jarelange valse beloftes van omdraai sal blý uitroep tot God vir wie alles moontlik is.

Maandag 6 Desember 2010

Gebedsfokus op 16 Dae van Aktivisme teen gesinsgeweld: 25 November – 10 Desember 2010

Gedragspatrone van verbale mishandeling: Mishandeling is baie meer as net die fisiese – dit wat met die blote oog gesien kan word. Verbale mishandeling kan baie subtiel of blatant wees, saggies of

luidkeels wees, skadeloos lyk of verwoestend oorkom. (**Ps.55:21**). *Bid oor elkeen van die voorbeelde van **verbale mishandeling** hieronder genoem - in jou eie lewe, in die lewens van jou vriende en familie en bid veral ook vir elke Suid-Afrikaner. Laat ons wegdraai van hierdie sondige patrone in ons lewens, God om vergifnis vra, en vra dat Hy 'n menigte sondes in ons land sal oordek.* Voorbeelde: beskuldigings, oormatige gee van advies, skinder, om iemand te treiter, aanhoudende spottery oor geslag, kultuur of geloof; verkleinering, skending van vertroue, om skuld op iemand anders te plaas, verbreking van beloftes, om te boelie, om gedurig te kla oor sogenaamde onregverdige behandeling, om gesprekke te oorheers, om te kritiseer, om aan te dring op valse belydenisse of die bereiking van onredelike doelwitte, vernedering van gesinslede, ontkenning dat enige mishandeling plaasgevind het, weiering om te erken dat die mishandeling verkeerd was, vernietiging van iemand se integriteit, aandrang dat onredelike bevele gehoorsaam word, om iemand se naam oneer aan te doen, om iemand in die openbaar te verneder, beledigings, om iemand konstant in die rede te val, onophoudelike gepratery sonder om iemand anders 'n kans te gee. *Bid veral dat mense mekaar en veral hulle kinders se menswaardigheid sal respekteer deur na mekaar te luister en mekaar in die oë te kyk terwyl die ander een praat.*

Fokus op tienerselfmoorde
Selfmoord onder tieners in Suid-Afrika raak jaarliks al hoe meer 'n algemene verskynsel. Soveel so, dat slegs motorongelukke en moord meer jongmense se lewens tussen 15 en 24 jaar eis. 9% Van alle sterftes in Suid-Afrika is selfmoordgevalle. Hierdie tendens neem die vinnigste toe onder jongmense onder die ouderdom van 35 jaar, veral onder jongmeisies tussen 15 en 19! Webwerf: http://www.sadag.co.za/index.php/Schools/Teen-Suicide-Prevention-Week.html Bid vir God se beskerming van jongmense, veral in die vakansie-seisoen. Bid dat iemand betyds die gevaartekens sal raaksien en genoeg sal omgee om in te gryp.

Dinsdag 7 Desember 2010
Gebedsfokus op 16 Dae van Aktivisme teen gesinsgeweld: 25 November – 10 Desember 2010
Gedragspatrone van verbale mishandeling: *Bid steeds oor elkeen van die voorbeelde van **verbale mishandeling** hieronder genoem - in jou eie lewe, in die lewens van jou vriende en familie en bid veral ook vir elke Suid-Afrikaner. Laat ons omdraai, God om vergifnis vra, en vra dat Hy 'n menigte sondes in ons land sal oordek.* Verdere voorbeelde: om saam te lag wanneer iemand mishandel word, leuens of verdraaiing van die waarheid, om te spot oor 'n ander een se vrese, om op 'n negatiewe manier mense met mekaar te vergelyk, om oor kulture (ander rasse) te spot, om dit wat verkeerd is as iets nietig af te maak, onnodige geterg, om skeldname te gebruik, om 'n persoon doelbewus te verwar, *'reality switching*', om iemand as belaglik af te maak, om iemand valslik as voorbok te beskuldig, om iemand in die openbaar te verkleineer, haatspraak, om godslasterlik te praat, om iemand in die openbaar oor sensitiewe dinge te treiter, verbale terrorisering, om iemand te dreig, om te dreig dat jy selfmoord gaan pleeg in 'n poging om ander te beheer, om woorde doelbewus te verdraai, om verhoudinge tussen ander in die geheim te ondermyn, om growwe taal te gebruik, '*using put-downs*', om ander met woorde te mislei, om tot jou eie voordeel die konteks van gesprekke verkeerd weer te gee, om iemand seer te maak met sarkasme, om te gil/skree. Dit is veral ernstig wanneer een persoon hom/haar konstant aan een van hierdie dinge skuldig maak en 'n ander persoon konstant die slagoffer bly. Maar God het juis gekom om ons vry te maak.

Fokus op tienerselfmoorde
Daar is 'n nou verband tussen depressie en selfmoord. Gewoonlik is depressie onder tieners net 'n verbygaande emosie. Ons almal beleef by tye hartseer, eensaamheid, verdriet of teleurstelling en dit is 'n normale reaksie op worstelinge in 'n mens se lewe. Maar indien depressie nie verstaan en aangespreek word nie, kan dit tot tragedie lei. By soveel as 'n derde van alle selfmoordgevalle het die persoon reeds voorheen probeer selfmoord pleeg.

Webwerf: http://www.sadag.co.za/index.php/Schools/Teen-Suicide-Prevention-Week.html
Roep tot God namens jongmense wat vandag oorweeg om selfmoord te pleeg. Bid dat hulle 'n openbaring van Jesus as hulle Vriend in ALLE omstandighede sal hê.

Woensdag 8 Desember 2010
Gebedsfokus op 16 Dae van Aktivisme teen gesinsgeweld: 25 November – 10 Desember 2010
Gedragspatrone van nie-verbale mishandeling: Mishandeling is baie meer as net die fisiese, of dinge wat gesien kan word. Mishandeling kan (soos reeds genoem) baie subtiel of blatant wees, byna onopmerklik of luidkeels wees, skadeloos lyk of verwoestend oorkom. (**Ps.55:21**). *Bid oor elkeen van die voorbeelde van **mishandeling** hieronder genoem - in jou eie lewe, in die lewens van jou vriende en familie en bid veral ook vir elke Suid-Afrikaner. Laat ons vandag wegdraai van hierdie dinge, God om vergifnis vra, en vra dat Hy 'n menigte sondes in ons land sal bedek.* Voorbeelde: onverskilligheid teenoor jou gesin, of om jou gesin te verlaat, om iemand intellektueel of op geestelike vlak te mishandel, om bedrieglik op te tree, oormatig agterdogtig te wees, om beheer uit te oefen deur konstant laat te kom, om 'n persoon fisies aan te val, om gedurig onverantwoordelik op te tree, oormatig jaloers te wees, om familie, vriende of kollegas in die rug te steek, om reëls of verwagtinge gedurig te verander en so onsekerheid te skep, om owerspel te pleeg, om besittings te beskadig, om roekeloos te bestuur, om jou organisasie se geld te steel, om ander uit 'n groep uit te sluit, om nie ander se gevoelens in ag te neem nie, om sommige mense voor te trek, om iemand tot 'n aborsie te dwing, om seks af te dwing of om seksueel pervers op te tree, om neer te sien op ander, om oordadige geskenke te gee in 'n poging om ander te manipuleer, om met iemand te spot of vir hom/haar te grinnik, om ongevraagde 'hulp' aan te bied in 'n poging om te manipuleer, om die telefoon in iemand se oor neer te sit.

Fokus op tienerselfmoorde
Die *South-African Depression and Anxiety Group* beantwoord die Nasionale Tolvrye noodnommer oor selfmoord (*Suicide Crisis Line)* en hulle hanteer 'n groot aantal oproepe van tieners wat bel oor hulself of namens 'n vriend of vriendin. Opgeleide beraders beman hierdie telefoonlyne (0800 567 567) en hulle moedig tieners aan om professionele hulp te kry en met 'n volwassene wat hulle kan vertrou te praat, om na 'n mediese dokter te gaan of om met die leier van hulle gemeente te praat. Webwerf: http://www.sadag.co.za/index.php/Schools/Teen-Suicide-Prevention-Week.html Bid vir hierdie beraders – dat hulle almal 'n persoonlike verhouding met die Here Jesus sal hê en dat hulle die wat bel, na die Here sal lei, en ook vir hulle sal bid. Bid dat mense na wie hulle aangemoedig word om te gaan, hulle nie sal teleurstel nie.

Donderdag 9 Desember 2010
Gebedsfokus op 16 Dae van Aktivisme teen gesinsgeweld: 25 November – 10 Desember 2010
Gedragspatrone van nie-verbale mishandeling: *Bid steeds oor elkeen van die voorbeelde van **nie-verbale mishandeling** hieronder genoem - in jou eie lewe, in die lewens van jou vriende en familie - bid veral ook vir elke Suid-Afrikaner, maar ook wêreldwyd. Mag God ons help om om te draai, mag Hy ons vergewe en die sondes van Suid-Afrikaners en geweldenaars wêreldwyd vergewe.* Voorbeelde: Om goed doelbewus weg te steek (motor- of huissleutels, geld, juweliersware, belangrike dokumente), om ander te ignoreer, om met 'n ander se sake in te meng, om ander se slaap te onderbreek, om iemand fisies te intimideer, om op 'n ander se persoonlike ruimte inbreuk te maak, om ander van hulle familie te isoleer, om 'n ander se troeteldier te vermoor, om beledigende gebare te maak, om ongewenste besoeke af te lê, om kinders te manipuleer, om ander se telefoonoproepe af te luister, om 'n ander persoon se pos oop te maak, om iemand op sosiale vlak uit te sluit, oordrewe inskiklikheid met die doel om te manipuleer, om venynige poetse te bak, om te verhoed dat 'n ander in vryheid keuses maak, om 'n ander persoon te verhoed om positiewe vriendskappe met ander te hê, om private gesprekke met ander te verbied, verkragting, weiering om te gaan indien jy gevra word om dit te doen,

om jou eie kind te verwerp, om deure toe te klap, om iemand te agtervolg, om te steel, nukkerigheid, selfbejammering, dreigende gebare, om uit te stap met die doel om te manipuleer, om emosioneel te onttrek, om verdiende komplimente te weerhou, om nie krediet te gee waar dit verdien is nie, om finansies van iemand te weerhou.

Fokus op tienerselfmoorde
Mense in Suid-Afrika wat gediagnoseer is met MIV/VIGS is tans 36 keer meer geneig tot selfmoord as ander persone. Toenemende armoede, die groot getal jongmense wat nie goeie werksgeleenthede kry nie, toename in die beskikbaarheid van dwelms, die MIV/VIGS pandemie, vrye seks en 'n hele aantal ander dinge dra by tot die probleme van die huidige generasie. Webwerf: http://www.sadag.co.za/index.php/Schools/Teen-Suicide-Prevention-Week.html Bid asseblief vir elkeen van hierdie aspekte en vra God dat mense met selfmoordgedagtes se pad sal kruis met Christene wat hulle sal liefhê en kan troos, saam met hulle sal bid, Jesus as hulle Ewige hoop aan hulle sal voorstel en saam met hulle 'n pad sal stap.

Vrydag 10 Desember 2010
Fokus: Die Woord van God
Namate ons tyd spandeer om die Woord van God te lees, toe te pas en te gehoorsaam, sal die Gees van Waarheid, wat ook die Gees van Christus is, Jesus meer en meer aan ons openbaar. (Anne Graham Lotz, stigter van Angel Ministries en Bybel lektrise)
Glo meer in God se Woord en Sy krag as in jou eie gevoelens en ervarings. (Samuel Rutherford (c. 1600-1661), Skotse Presbiteriaanse predikant)

Getuienis van God se handewerk: Mensehandel – 'n verhaal van hoop
Die Suid-Afrikaanse polisie het in Mei 2010 'n klopjag op 'n pakhuis uitgevoer en potensiële slagoffers van mensehandel daar gevind. Die lede van die narkotika-buro in die stad het vyf tienermeisies gered wat vermoedelik slagoffers van beoogde mensehandel sou wees – slagoffers van 'n groep wat vanuit 'n klein pakhuis in Parow bedryf is. Die narkotika-buro het na aanleiding van 'n wenk die pakhuis die vorige aand binnegegaan en die meisies in 'n bondel bymekaar in 'n hoek gekry waar hulle hul besittings vasgeklou het. Ou matrasse het gesaai op die sementvloer gelê, met beddegoed daaroor gegooi. Een van die jongmeisies het die vorige week 'n miskraam gehad, maar geen mediese hulp ontvang nie. Hulle is vanaf dorpe soos Prieska in die Noord-Kaap na Kaapstad gelok met aanbiedinge van goeie werksgeleenthede en salarisse. Hulle beweer dat hulle soggens net snye droë brood, en saans *baked beans* vir aandete gekry het. Hulle sê ook dat hulle gevange gehou is, van hulle selfs tot so lank as 4 maande. 'Party van ons het nog geen geld ontvang sedert ons in Januarie hier aangekom het nie.' (Die narkotika-buro het ook 'n soortgelyke organisasie in *Table View* 'n maand voor hierdie geval ontbloot, waar vroue uit Mosambiek en Zimbabwe na bewering vir mensehandel gebruik is.) Hierdie tienermeisies is nog nie vir prostitusie gebruik nie, wat beteken dat hulle hul lewens nuut kan begin, sonder die bagasie van sekshandel! Hulle word tans deur *Youth with a Mission* gehelp en kry ook die kans om van Jesus te hoor en van die ware vryheid wat in Hom alleen gevind kan word! *(Saskia Wishart, Suid-Afrikaanse koördineerder, Not For Sale Campaign).* Kom ons loof en prys God vir Sy goedheid!

Gebedsfokus op 16 Dae van Aktivisme teen gesinsgeweld: 25 November – 10 Desember 2010
Slagoffers van mishandeling: Slagoffers van mishandeling beleef baie keer minderwaardigheid (toenemende twyfel in hulle eie waarde), verloor hulle selfvertroue (toenemende selfbewustheid), verloor die regte perspektief oor hulleself as mens (verhoogde self-kritiek), verloor hul vreugde (is toenemend emosioneel afgestomp), glo nie meer in hulleself nie (verhoogde spanning), het nie meer 'n 'skoon gewete' nie (toenemende skuldgevoelens en/of skaamte), verloor hulle vriendskappe (toenemende isolasie), verloor hulle geloof (toenemende vrae) en het geen hoop nie (toenemende

wanhoop). *Bid oor hierdie sake in ons land, dat God die gebroke harte van dié wat mishandel word, sal heelmaak. Vra dat beide slagoffers en oortreders tot die openbaring sal kom dat God vooruit bepaal en beplan het dat hulle verander sal word om aan Sy Seun se beeld gelykvormig te word* (**Rom.8:29**).

Saterdag 11 Desember 2010

Fokus op slagoffers van emosionele en fisiese mishandeling: Uitweg vir slagoffers

" Moenie kwaad met kwaad vergeld nie. Wees goedgesind teenoor alle mense. As dit moontlik is, sover dit van julle afhang, leef in vrede met alle mense." (**Rom.12:17-18**). Bid vir slagoffers en misdadigers om hulle situasie vanuit God se perspektief te sien. Bid vir 'n gewilligheid by beide partye om die probleem in die oë te kyk (dit aan te spreek), om die oorsprong van die probleem te verstaan (misdadigers is baie keer self mishandel of verwaarloos), die probleem te konfronteer (die slagoffer sê bv. dat hy/sy diep seergemaak is deur die mishandeling). Bid dat slagoffers vir hulleself verantwoordelikheid sal neem en die versoeking sal weerstaan om in hulle dop te kruip, of om die bekende 'slagoffer-martelaar' rol te speel of om vergelding te soek. Vra dat slagoffers van mishandeling die wat teen hulle oortree het, sal sien as iemand vir wie Christus ook gesterf het, om onvoorwaardelik lief te hê (om hulle te vergewe soos wat Jesus aan die kruis gedoen het) en om God te vra hoe hulle kan bid oor die situasie en te vra vir 'n deurbraak. Bid veral vir die emosionele en fisiese veiligheid van kinders wat hulleself nie kan verdedig nie.

Fokus op moraliteit: Komende *Gay parade* in Kaapstad

Mother City Queer Projects is 'n *Queer Art Party* projek wat vir die 15de keer aangepak word. Die hoof-geleentheid is 'n enorme kostuum-partytjie, waar die tema hierdie jaar *The Big Night* is. Webwerf: http://www.sa-venues.com/events Met die druk van hierdie gebedsgids is die beplande datum vir hierdie jaar 18 Desember. Vra ander Christene om saam met jou te bid en moontlik te vas – roep uit na God om vergifnis, dat baie van hierdie mense 'n persoonlike ontmoeting met die Here Jesus Christus sal hê en teenoor ander sal getuig dat Christus Jesus hulle totaal nuutgemaak het.

Sondag 12 Desember 2010

Fokus: Die Woord van God

Vas en ure-lange gebed bou nie jou geloof nie...om boeke oor geloof en geloofshelde en hulle verhale te lees, wek 'n intense passie vir geloof in die hart op, maar ook dit bou nie jou geloof nie. Die Woord van God alléén is die bron van geloof. (E.W. Kenyon)

Bid die Woord van God (1)

Ons hele lewe, ook ons gebedslewe, moet op die Woord van God gebou word. Die afgelope aantal dekades was daar 'n groot oplewing in gebed regoor die wêreld. Die gebedsbeweging het deur baie fases gegaan en baie nuwe dinge is oraloor probeer. Een van die mees positiewe dinge wat begin gebeur, is 'n duidelike terugkeer en honger na die Woord. Toenemend begin Christene weer die Woord self as hulle handboek vir gebed gebruik. *Die Bybel is grootliks onder verdenking vandag. Die gesag van die Woord word betwyfel en die Bybel word dikwels as bron van hoop en gesag verwerp.* Ons moet baie duidelik oor hierdie saak praat: Die Woord is onveranderlik en onvernietigbaar, want dit is die ewige Woord van God. Mense kom en gaan, maar die Woord bly onveranderd. Ons moet voortgaan om die Woord te lees, die Woord te bid, die Woord te glo, die Woord te gehoorsaam en die Woord te leef. A.W. Tozer het gesê: *We are not to edit the Word.* Dit is nie vir ons om die Woord aan te pas totdat dit ons pas nie. Dit is nie vir ons om te bepaal waar die Woord reg en verkeerd is nie en hoe dit eintlik moet lees nie. John Newton het gesê: *I will put down all apparent inconsistencies in the Bible to my own ignorance.* (Aangehaal uit *Doelgerigte Gebed*, Bennie Mostert).

Maandag 13 Desember 2010

Fokus op God se perspektief: Hoe om te bid wanneer jy mishandel word

Onthou dat God begaan is oor beide die slagoffer én die misdadiger, baie meer as wat hulle vir mekaar omgee. *Vra vir 'n verdieping in jou gebedslewe, wat die beste pad na genesing en herstel is. Bid vir jou eie genesing, maar bid ook dat die een wat jou mishandel het, genesing sal ontvang, vry sal kom, God se vrede sal verkry en sy/haar misdade sal stop. Dank God elke dag vir Sy genade.* (**1 Tess.5:17-18**).

Fokus op wêreldwye voedselsekuriteit
Tydens die voedselkrisis van 2007/08 was daar wêreldwyd sowat 40 onluste oor kos. Op daardie stadium het dit meer oor die prys van die kos as die beskikbaarheid daarvan gegaan. Opstande en politieke onstabiliteit vererger egter die beskikbaarheid van voedsel. Webwerf: http://www.grainmilling.org.za Die politieke leiers in meeste lande het dadelik begin reageer met allerlei hulp aan landbou om die tekorte te vermy en teen te werk. Bid asseblief dat voedselvoorsiening wêreldwyd eweredig mag wees. Bid veral vir deurbrake in die voorsiening/verspreiding van beskikbare voedsel in armer gebiede van die wêreld.

Dinsdag 14 Desember 2010
Fokus op mishandeling
Geestelike mishandeling – soms word 'n geestelike gesagsposisie of leierskap misbruik: Leerstellings of standpunte word deur leiers misbruik om voordeel daaruit te trek ten koste van mense wat hulp nodig het. Soms vind daar misbruik plaas a.g.v. werklike behoeftes van 'n leier, maar daar word probeer om dit op verkeerde wyses te bevredig. Neem tyd om te bid oor elk van die volgende verskillende vorme van geestelike mishandeling en om ook belydenis voor die Here te doen wanneer jy besef dat jyself hieraan skuldig is. Bid sonder veroordeling vir mense wat skuldig is aan geestelike misbruik/mishandeling. *Gesagsmisbruik:* wanneer onvoorwaardelike onderwerping aan leiers verwag word. *Verwerping van kritiek:* wanneer die persoon wat nie saamstem nie, die probleem word, eerder as die saak wat aangespreek is. *Beheptheid met reputasie*: wanneer die reputasie van leiers of 'n gemeente belangriker is as die waarheid of regverdigheid. *Perfeksionisme:* die waarde van 'n individu word bepaal deur sy prestasie, daar is geen meegevoel met swakheid of waar foute gemaak word nie. *Geestelike ongebalanseerdheid***:** wanneer iemand probeer om hom/haarself te onderskei van ander groepe deur oormatige klem op 'n onbelangrike teologiese saak te plaas.

Fokus op wêreldwye voedselsekuriteit
Die vraag na voedsel neem daagliks toe namate die wêreldbevolking toeneem. Daar was egter wel 'n aanpassing in watter voedselsoorte mense koop. Mense koop bv. nou meer pap en brood en minder vleis en groente. Die koop van goedkoper kossoorte, tesame met die resessie het groot verligting in die aanvraag na voedsel gebring. (Jy het bv. 2 kg. graan nodig om 1 kg. vleis te produseer). Die boere het ook met die aanmoediging van regerings wat subsidies gegee het, meer voedsel begin produseer. Die styging in voedselpryse het die aantal mense wat onder die broodlyn (< US$2 = R15 per dag) leef, van 850 miljoen na meer as 1 miljard laat toeneem. Daar is nog 'n baie groot aantal mense wat bloot net nie kos het nie. Daar is dus genoeg kos in die wêreld, maar dit is nie toeganklik vir almal nie. Webwerf: http://www.grainmilling.org.za Bid vir deurbrake vir almal wat soms minder as een ete per dag geniet. Vra ook vir God se ingrype in die verspreiding van beskikbare voedsel-oorskotte.

Gebedstorie: Iets is besig om in Michell's Plain te gebeur

Maureen, Rhonda en 'n paar vriende in Lentegeur, Michell's Plain (Kaapstad) het oor die afgelope 15 jaar getrou vir hulle gemeenskap gebid. Hierdie jaar (2010) het hulle besluit om tydens die *10 Dae* van dag en nag gebed voor die *Wêrelddag van Gebed* 'n *Boiler Room* (gebedskamer) in te rig waar hulle kon bid.

Maureen en Rhonda het baie moeite gedoen om soveel as moontlik mense te nooi om tydens hierdie *10 Dae* saam met hulle te kom bid. Maar die dag toe hulle begin bid, het niemand opgedaag nie. Hulle was teleurgesteld en ontmoedig, maar het besluit dat hulle twee elke dag na die gebedskamer sou gaan om vir herlewing en vir hulle gemeenskap te bid. Skielik het God hulle gebede op 'n besondere wyse begin antwoord.

'n Man wat siek was het vir gebed kom vra. Binne 'n paar dae (waartydens hy 'n paar keer vir gebed gekom het) is hy volkome genees! Ander mense het daarvan gehoor en kom vra of die vroue vir hulle ook kan bid. 'n Man was sonder werk en het gevra dat hulle vir hom sal bid. Net 'n rukkie nadat hulle vir hom gebid het, het hy gebel en gesê dat iemand hom so pas gebel en hom 'n werk aangebied het! 'n Dwelmverslaafde het kom vra dat hulle vir hom sal bid. Nadat hy vir die derde keer vir gebed gekom het, het hy sy lewe aan die Here oorgegee! Drie dwelmbase is tydens hierdie *10 Dae* vir gebed gearresteer nadat die vroue ook hiervoor gebid het.

Hierdie twee vroue het aangehou met bid en die mense wat vir gebed gekom het, het toegeneem. Sommige van die gemeentes in die omgewing het gehoor wat besig is om in die gebedskamer te gebeur en drie pastore het die gebedskamer kom besoek. Hulle was so bemoedig dat al drie besluit het om soortgelyke gebedskamers in hulle gemeentes op te rig om vir hulle gemeentes en die gemeenskap te bid! Kontak Maureen Williams van die *Mitchell's Plain Prayer Network*, sel: 082 815 0307

Hoe om 'n gebedskamer in jou area te begin
Besoek: http://www.jwipn.com/downloads.asp Daar is 'n verskeidenheid van hulpmiddels wat jou sal help om so 'n gebedskamer op te rig, te bestuur en in stand te hou.

Woensdag 15 Desember 2010
Fokus: Die Woord van God
Die Woord van God is lewend en kragtig. Dit is skerper as enige swaard met twee snykante en dring deur selfs tot die skeiding van siel en gees en van gewrigte en murg. Dit beoordeel die bedoelings en gedagtes van die hart... Terwyl ons dan nou 'n groot Hoëpriester het wat reeds deur die hemele gegaan het, Jesus, die Seun van God, laat ons vashou aan die geloof wat ons bely. (**Heb.4:12,14**).

Getuienis van God se handewerk: Duisende kinders in die townships begin bid (1)
Twee en 'n half jaar gelede het Peter Sekhonyane, 'n pastoor in 'n township wat grotendeels 'n plakkerskamp is, begin om kinders tussen 5-17 te leer bid. Hulle het begin kom vir vyf dae van die week, elke keer vir twee ure. Hy het begin om vir meer as 3 000 van hulle 'n goeie bord kos te gee, want baie het niks gehad om te eet nie. Soms speel hulle sokker of ander sportsoorte, maar daagliks leer die kinders die Woord en hoe om hierdie Skrifgedeeltes wat hulle leer, te bid. Soms sing hulle van hierdie Skrifgedeeltes, ander kere bid hulle dit en soms "rap" hulle dit. Wanneer daar moeilike situasies in die township is, kom die polisie met spesifieke gebedsversoeke. Hierdie inligting word dan met die kinders gedeel en hulle begin bid. Keer op keer het die polisie al teruggekom en vertel hoe die spesifieke situasie verander het. *Peter Sekhonyane,* sel: 072 285 4391, e-pos: sekhonya@postnet.co.za Bid dat God se Woord wat deur kinders en tieners verkondig word, deur grootmense en bejaardes se vooroordele, ongeloof en koue harte sal sny om hulle te wen vir Sy koninkryk.

Donderdag 16 Desember 2010
Fokus: Die Woord van God
Die Woord van God is geskrywe sodat ons kan weet watter hoop daar vir ons in God is. (Matthew Henry (1662-1714) Britse gereformeerde teoloog, sendeling en geestelike leier)

Dit is minder belangrik om 'n Christen te vra wat hy/sy glo oor die Bybel as om te vra wat hy/sy daarmee doen. (Leslie Newbigin (1905-1998)

Getuienis van God se handewerk: Duisende kinders in die townships begin bid (2) (Verv.15 Des.)
In Orange Farms alleen is daar nou 5,400 kinders wat by 18 verskillende sentrums bymekaarkom. Oor die land is daar tans 63 punte waar kinders daagliks bymekaarkom om te leer om die Skrif te bid en om die Naam van die Here aan te roep. Hulle bid vir hulle maats en ouers se redding, vir die probleme in die township en vir die land. In Februarie hierdie jaar was daar onluste in die westelike gedeelte van Orange Farms. Dit is een van die dele waar daar nie kindergebedsentrums is nie. Die kinders het vir hierdie situasie begin bid en binne 'n paar dae was die vrede herstel. Ouers kom tot bekering wanneer die kinders vir hulle begin bid, huwelike word herstel en baie van die ouers vind weer werk en daar is genesings wanneer die kinders vir siekes bid. *Kom ons dank die Here vir wat in Orange Farms gebeur. Ons sien dieselfde tendens regoor die wêreld. Honderde duisende kinders begin om die Here Jesus se Naam aan te roep, Hom te aanbid en voorbidding te doen. Bid volgens* **Hand.2:17-20** *vir 'n groter uitstorting van die Heilige Gees op die kinders.* Peter Sekhonyane, sel.: 072 285 4391, e-pos: sekhonya@postnet.co.za *Bid dat daar dwarsdeur Suid-Afrika en deur die wêreld 'Peters' sal opstaan om kinders te leer bid. Kom ons leer ons eie kinders om te bid. Bid dat Christen-onderwysers en Sondagskoolleiers wêreldwyd nie die gebed van kinders sal onderskat nie, maar hulle sal leer om vanuit die Skrif vir hulleself en die wêreld te bid.*

Fokus op Sjiïtiese Moslems: Ashura
Van 16 tot 25 Desember herdenk Sjiïtiese Moslems regoor die wêreld 'n bloedige massamoord wat meer as 'n duisend jaar gelede plaasgevind het. Ter herdenking hieraan sny hulle hulself met messe en marsjeer deur die strate. Laat ons die geleentheid gebruik om te bid dat God Sy seën oor hulle sal uitgiet. Daar is tans 160-200 miljoen Sjiïtiese Moslems in die wêreld. 'n Christen in die Midde-Ooste het kort tevore die volgende vir ons gestuur: *"Ek het die afgelope nege jaar op die Sjiïete gefokus en die terugvoer van Christenwerkers onder die Sjiïete dopgehou. Ses jaar gelede het hulle gesê dat daar geen Sjiïtiese gelowiges in hulle gebied was nie. Drie jaar gelede was daar 'n handjievol Sjiïete wat navolgers van Christus geword het. Nou is daar baie, 'n menigte Sjiïete* wat *Jesus volg. Ek is oortuig daarvan dat die reaksie en openheid vir die evangelie onder Sjiïete die gevolg is van duisende volgelinge van Jesus wat in die verlede tydens Ashura gebid en gesamentlik gevas het. Mag nog meer Christene hierdie jaar tydens Ashura vas en bid, sodat miljoene meer Sjiïete deel van Jesus se kudde sal word*. Hierdie tien dae is krities, waar ons God vertrou om kragtig in Sjiïete se lewens te werk. Bid dat baie Christene hierdie 10 dae in vas en gebed sal spandeer.
Vir meer inligting: http://www.cryoutnow.org/videogallery/index.html *CryOut* beplan om daagliks e-pos opdaterings tydens hierdie 10 dae te stuur – teken in om dit te ontvang by http://www.cryoutnow.org/shiite.php *Kom ons bid saam dat God Hom oor hulle sal ontferm en duisende van hierdie kosbare mense sal red, veral ook die kinders.*

Vrydag 17 Desember 2010
Fokus: Die Woord van God
Die Bybel sonder die Heilige Gees is soos 'n sonwyser in die maanlig. (Dwight L. Moody (1837-1899) Amerikaanse Evangelis en stigter van die 'Bible Institute')
Die krag van ons geestelike lewe is in direkte verhouding met die plek wat die Bybel in ons lewens en gedagtes het. (George Mueller (1805-1898) Pruisiese lid van die 'Open Brethren').

Gebedsverhaal: Pappa, leer my ook bid
Ek het Solomon Buhali 6 jaar gelede ontmoet. Op daardie stadium het hy as 'n klerk by die polisie gewerk, maar het later voltyds begin om gebed te mobiliseer. Hy werk in 'n plattelandse streek,

KwaMahlanga, noordoos van Pretoria, onder die Ndebeles. Solomon het begin om 24/7 gebedswagte op te rig en tientalle gebedsinisiatiewe geloods en georganiseer. Duisende mense is hierdeur in sy omgewing gemobiliseer om te bid. Soms het hy 'n 100 of meer gemeentes vir sekere gebedsinisiatiewe gemobiliseer en soms op sy eie 'n maand van gebed en vas in sy streek met tientalle nedersettings en dorpies gemobiliseer. 'n Jaar gelede kom Mathlatse, sy sewejarige seun, by hom en sê: *"Pappa, jy leer al die ander mense om te bid, waarom leer jy nie vir my ook om te bid nie?"* Solomon vra hom toe om 'n paar van sy maats te kry en "volgende Vrydag drie-uur" sal hy hulle begin leer. Toe hy die volgende Vrydag 15:00 baie moeg by die huis opdaag, terwyl hy diep in sy hart hoop daar sal nie kinders wees nie, staan daar 'n tiental kinders voor sy deur en wag! Elke Vrydagmiddag wag hierdie kinders nou vir Solomon om te kom. Mettertyd het hy die kinders in twee groepe verdeel: die kleiner kinders in een groep en die tieners in 'n ander groep. Die kleiner kinders is so ongeveer 15 en die tiener groep reeds meer as 30. Hy het net 15 stoele in sy huis en die kinders sit twee-twee op die stoele en die wat laat kom, moet maar net op die grond sit. As hy laat is, wag hulle eenvoudig voor die hek totdat hy kom. Solomon Buhali, tel.: 012 365 3213, sel.: 083 504 4145 of e-pos: solomon@jwipn.com *Bid dat pa's hulle seuns sal leer bid, en dat daar nog 'Solomons' in ons gemeenskappe sal opstaan om gebedsverantwoordelikheid vir kosbare mense op te neem. Bid veral dat kinders geleer sal word van wedergeboorte, dat hulle 'n verhouding met Jesus sal hê en lewenslank aan Hom getrou sal bly.*

Saterdag 18 Desember 2010
Fokus: Die Woord van God
"*It outlives, out lifts, out loves, outreaches, outranks, outruns all other books. Trust it, love it, obey it, and Eternal life is yours.*" (A.Z. Conrad, Amerikaanse Pastoor en evangelis (oor die kwaliteite van die Bybel))
Ek het nie deur die Boek gegaan nie, die Boek het deur my gegaan. (A.W. Tozer (1897-1963), Amerikaanse Pastoor en skrywer)

Getuienis van God se handewerk: Herlewing in 'n land in die Midde-Ooste
Ondanks wetgewing wat bekerings verbied, neem baie Moslems in 'n spesifieke land Christus aan deur die kragtige werking van die Heilige Gees. Hierdie land in die Midde-Ooste het nuwe *anti-conversion* wetgewing geïmplementeer wat pogings om Moslems te probeer oortuig om van geloof te verander, as onwettig verklaar en gee die regering die mag om elke aspek van Christelike bedrywighede te beheer. Hierdie wetgewing was 'n direkte aanval op Christene, omdat bykans al die Christene in die land uit 'n Moslem-agtergrond kom. Die nuwe wet kan veroorsaak dat meeste gemeentes in die land onwettig is. Ten spyte van hierdie wetgewing en baie teenstand, was 2009 'n jaar van verstommende groei van evangeliese kerke. Een persoon vertel: "Ons het gemeentes wat tot 800% gegroei het. Baie bekeerlinge het 'n Moslem-agtergrond, met geen Christelike erfenis of Christelike agtergrond nie, geen hulpmiddels en geen opleiding nie. Hulle glo eenvoudig in God en in Sy Woord." Een spesifieke etniese groep wat in 2 000 dorpies woon, is baie ontvanklik en oop vir die evangelie. "In daardie streek is daar Christene in élke gemeenskap en élke dorp en in baie is daar gemeentes. In een dorp is daar tot meer kerkgeboue as moskees, wat 'n groot wonderwerk vir die Midde-Ooste is." Hierdie gemeentes stagneer nie; baie van hulle doop tussen 120 en 150 mense per jaar. Die bymekaarkomplek is dikwels reeds twee ure voor 'n diens begin, vol. *(Bron: konfidensieel). Bid dat selfs nóg meer huisgroepe en gemeentes sal ontstaan en dat God hulle sal beskerm. Bid dat sleutelpersone in regerings van hierdie lande Jesus persoonlik sal ontmoet.*

Sondag 19 Desember 2010
Fokus: Die Woord van God
Min van die Woord en min gebed lei tot geestelike dood. Baie van die Woord met min gebed lei tot 'n sieklike lewe. Baie gebed en min van die Woord gee meer lewe, maar nie standvastigheid nie. 'n Volle maat van die Woord en gebed élke dag lei tot 'n gesonde en kragtige lewe. (Andrew Murray)

Bid die Woord van God (2) (Vervolg vanaf 12 Des).
Dit is nie ons taak om die Woord te *beoordeel* nie, maar te *gehoorsaam.* Daar is te veel mense wat menings oor die Woord het, wat die Woord wil beoordeel en hulleself nie aan die Woord wil onderwerp nie. Die Woord kom met die *gesag* van God na ons toe. Daar is net een van twee moontlikhede: óf jy verwerp die gesag van die Woord óf jy aanvaar die gesag van die Woord. Die Woord is nie van ons *emosies* en ons intellektuele verstaan daarvan afhanklik nie. Die Woord staan bo emosies en ons verstaan daarvan. Uit die sestiende eeuse Reformasie leer ons die belangrike beginsel van *sola Scriptura,* wat beteken: die Woord alleen. Die Woord is *deur die Heilige Gees geïnspireer* en ons moet staan by die onfeilbaarheid van die Woord. *Die hele Skrif is deur God geïnspireer en het groot waarde om in die waarheid te onderrig, dwaling te bestry, verkeerdhede reg te stel en 'n regte lewenswyse te kweek, sodat die man wat in diens van God staan, volkome voorberei en toegerus sal wees vir elke goeie werk.* (**2 Tim.3:16-17**) *Want geen profesie is ooit deur die wil van 'n mens voortgebring nie. Nee, deur die Heilige Gees meegevoer, het mense die woord wat van God kom, verkondig.* (**2 Pet.1:21**). Dit is die beginsels wat die kerk deur al die eeue gelei het. Moenie kompromieë maak en hierdie beginsels weggooi nie. Mense se menings verander, maar die Woord staan vas. *Leef* uit die Woord en *bid* die Woord. (Aangehaal uit *Doelgerigte Gebed*, Bennie Mostert). Kom ons pleit by God dat Christene sal stáán by die gesag van die Woord en nie kompromieë sal maak nie, en dat die volgende geslag die seën van hul ouers se kinderlike geloof in Sy Woord as erfenis sal ontvang.

Maandag 20 Desember 2010
Fokus: Die Woord van God
Die Bybel is 'n geloofsverklaring. Jy het die keuse om dit te glo of nie te glo nie. As jy dit nie glo nie, glo jy iets anders. Ons weet uit die geskiedenis wat gebeur het met mense wat die Bybel geglo het. Die vraag is: wat gaan die gevolg wees van dit wat jý glo; as jy nie die Bybel glo nie? (Bennie Mostert)

Getuienis van God se handewerk: Die ontstaan van 'n gebedsbeweging in Piet Retief (Mkondo)
In Maart 2001 is die eerste gesamentlike gebedsbyeenkoms in Piet Retief gehou waar mense vanuit beide die swart en wit gemeenskappe saamgekom het om te bid. Die bidders het toe besluit om elke Donderdagaand saam te kom om vir die dorp te bid. Hulle het ook besluit dat hulle een week by 'n gemeente in die dorp bymekaar sal kom en die volgende week by 'n gemeente in die township! Dit is een ding om 'n gebedsbyeenkoms oor denominasie-grense heen te begin, maar heeltemal iets anders om dit oor kultuurgrense heen te doen. Die eerste aand toe die gebedsbyeenkoms in die township gehou is, het die ligte gebrand en was die kerk oop – maar daar was nie 'n enkele swart persoon in sig nie! Die groep kon toe die maklike pad kies, omdraai en huis toe gaan, maar hulle het geweet dat God besig was om hulle te toets! Hulle het ingegaan – vyf witmense in 'n kerk in die middel van die township! Hulle het begin bid en God se teenwoordigheid het daardie klein kerkgebou gevul en eenvoudig alle vrees weggeneem en wonderlike beloftes vir die dorp gegee – mits hulle bereid was om te volhard met gebed! Hulle het die daaropvolgende week in 'n kerkgebou in die dorp gebid en die week daarna weer in die township. Die keer het een swart persoon by hulle aangesluit. Twee weke later toe hulle weer by die kerk in die township opdaag, was dit met 'n ketting gesluit en moes hulle toe by 'n ander kerk in die dorp gaan bid. Nog twee weke later, toe hulle voor die kerk in die township stop, het hulle geweet dat God nog 'n wonderwerk in die harte van mense gedoen het – die klein kerkgeboutjie was propvol swartmense. Elke Donderdagaand was anders – soms het hulle in klein misvloer en sinkdak kerkgeboutjies by kerslig gebid, en soms in pragtige kerke met loodglasvensters. Soms was hulle net vyf en soms tot 'n honderd mense – die plekke en selfs die mense het gevarieer, maar een ding het dieselfde gebly – die teenwoordigheid van die Heilige Gees. Anneke Rabe, Mpumalanga Gebedskoördineerder, sel: 0832975792 of e-pos: rabe@lando.co.za Kom ons bid dat God se Gees die mure tussen mense sal bly afbreek, dat agterdog en vooroordele tussen Christene sal verdwyn en liefde hulle sal verenig om saam vir Hom te leef en 'n verskil te maak.

Dinsdag 21 Desember 2010
Fokus: Die Woord van God
Die wyse man kén sy God. Dit is die doel van al ons Bybelstudie! (Stephen Motyer, Unlock The Bible, 1990)
Slegs op jou knieë kan jy die Woord verstaan. (Maurice Zundel (1897-1975) Switserse priester, digter en teoloog)

Getuienis van God se handewerk: Moslems neem Christus aan (1)
Statistiek toon dat daar meer Moslems die afgelope 20 jaar tot geloof in Christus gekom het as in die vorige 1 300 jaar sedert die ontstaan van Islam in die sewende eeu. Tussen 35-50% van alle Moslems wat tot bekering kom, kom tot geloof a.g.v. drome, visioene en die verskyning van engele. Baie getuig van 'n persoonlike ontmoeting met Jesus. Dit is algemeen om te hoor dat "'n man in wit klere" aan iemand verskyn het. Miljoene mense in die Midde-Ooste word met die evangelie bereik deur radiostasies asook 'n aantal TV-stasies. Baie webblaaie verskaf inligting aan Moslems en persoonlike gesprekke word met Moslems gevoer. Een spesifieke webwerf word meer as 600 000 keer per dag besoek – dit is meer as 20 miljoen per maand. Baie Moslems kom in Egipte tot bekering. *El Jazeera*, 'n Moslem TV-stasie, het reeds in 2008 berig dat daar een miljoen Moslems in Egipte Christene geword het. (Ander bronne beweer die syfer is hoër)

Gebedsfokus op *Jerigo Mure Internasionale Gebedsnetwerk*
Dankie aan alle ondersteuners wat hierdie jaar vir *Jerigo Mure* gebid het en finansieel bygedra het. Dankie aan elke persoon wat gehelp het om gebedsinligting te versprei en mense aan te moedig om te bid. Ons by *Jerigo Mure* het wysheid nodig vir die pad vorentoe: om te weet watter gebedsinisiatiewe om te loods, hoe om meer mense betrokke te kry om te bid, watter materiaal om te ontwikkel wat mense sal help om te groei in hulle gebedslewens en hoe om nasionaal en internasionaal deel te wees van God se plan binne die groter gebedsbeweging. Gedurende die tweede week in Januarie het ons ons jaarlikse beplanning vir 2011. Bid asseblief saam met ons dat ons sal weet wat op God se hart is. *Jerigo Mure Internasionale Gebedsnetwerk*, Privaatsak X22, Lynnwoodrif, 0040. Tel.: 012 365 3213, faks: 086 594 0565. Webwerf: www.jwipn.com of e-pos: info@jwipn.com

Woensdag 22 Desember 2010
Fokus: Die Woord van God
Ek het gebid vir geloof en gedink dat ek eendag geloof sal kry - dit sal seker uit die hemel val en my soos 'n weerligstraal tref. Maar geloof het skynbaar nie gekom nie. Een dag het ek die tiende hoofstuk van Romeine gelees, *Die geloof is dus uit die gehoor, en die gehoor is deur die Woord van God.* (**Rom.10:17** OV). Ek het my Bybel toegemaak en gebid vir geloof. Ek het weer my Bybel oopgemaak en begin bestudeer en sedertdien groei my geloof. (Dwight L. Moody (1837-1899) Amerikaanse evangelis en Stigter van 'Bible Institute'.)
Kom ons bid dat Christene die Woord as hulle kosbaarste besitting sal beskou, en daaruit sal lees, dit sal glo en veral sal doen.

Getuienis van God se handewerk: Moslems neem Christus aan (2) (Verv. 21 Des.)
In 1990 was daar slegs 'n paar honderd Christene langs die sogenaamde Syroete (handelsroete waarlangs geweefde sy eeue gelede van China na die Weste vervoer is), maar vandag (2010), is daar ongeveer 150 000 Christene, hoofsaaklik vanuit 'n Moslem agtergrond! (Kazak gelowiges het vermeerder van 100 tot 30 000; Uighur gelowiges: vanaf minder as 100 tot ongeveer 1 000; Oesbek gelowiges: vanaf ongeveer 100 tot ongeveer 10 000; Kirgistan gelowiges: van 20 tot ongeveer 5 000; Tadjik gelowiges: van minder as 5 tot ongeveer 1 000; Turkmen gelowiges: van minder as 10 tot ongeveer 500; Azeri gelowiges: vanaf 50 tot ongeveer 7 000; Tartar gelowiges: van 50 tot ongeveer

1 000; Karakalpak gelowiges: van nul tot meer as 1 000.) Die aantal gelowiges neem hand oor hand toe. Tydens die Irannese Rewolusie in 1979 was daar ongeveer 300 evangeliese Christene vanuit 'n Sjiïtiese agtergrond. Vandag is daar baie Irannese leraars wat glo dat die huidige getal tans selfs soveel as een miljoen vanuit Protestante, Katolieke en ander Ortodokse kerke kan wees. 'n Groot persentasie is evangeliese Protestantse Christene. Meer Irannese het tussen 1980 en 2010 tot geloof in Christus gekom as in die vorige 1 000 jaar. *Bid vir gelowiges langs die Syroete - dat hulle met dade van liefde teenoor nie-gelowiges sal getuig. Kom ons loof en prys God wat mense roep uit elke stam, volk en taal!*

Donderdag 23 Desember 2010
Fokus: Die Woord van God
"*This Book has the power not only to inform - but to reform and to transform lives… It is supernatural in origin, eternal in duration, divine in authorship, infallible in authority, inexhaustible in meaning, universal in readership, unique in revelation, personal in application and powerful in effect… Come to it with awe, read it with reverence, frequently, slowly, prayerfully*." (Gideons Internasionaal - Preface to the Bible).
Bid dat professore sowel as studente aan teologiese seminariums in ons land en wêreldwyd die gesag van die Woord sal erken. Bid vir 'n Goddelike deurbraak in die harte van 'goeie' dosente wat al hoe groter dele van die Bybel begin uitsny. Bid dat studente wat met verwagting hulle studies begin, nie hulle geloof in die gesag van die Woord sal verloor nie.

Getuienis van God se handewerk: Moslems neem Christus aan (3) (Verv. 22 Des.)
Indonesië is die land met die grootste Moslem-bevolking ter wêreld. In 1965 was daar ongeveer 2 miljoen Christene, terwyl daar vandag ongeveer 45 miljoen Christene (tussen 17% en 18% van die bevolking) is. Daar is egter aanduidings dat die persentasie so hoog as 20% is. Hierdie buitengewone beweging van die Gees van God word deur sendingwetenskaplikes direk verbind aan die buitengewone mate van gebedsmobilisering sedert 1992. Die *Bid deur die Venster* (I, II, III en IV) inisiatief van 1993, 1995, 1997 en 1999 het tussen 20 en 40 miljoen Christene gemobiliseer om te bid. (Dus was dit elke tweede jaar en dit gaan vandag steeds voort.) Sedert 1992 is miljoene Christene d.m.v. die inisiatief '*30 Days of Prayer*' gemobiliseer om tydens Ramadaan, die maand van vas vir die Moslems, te bid. Hierdie is slegs twee van 'n toenemende aantal gebedsinisiatiewe wat op Moslems fokus. Webwerf: http://www.30-days.net/ Loof God saam met die engele vir elke Moslem wat inkom in Sy koninkryk. Bly bid vir bekeerlinge, veral onder kinders en jongmense.

Vrydag 24 Desember 2010
Fokus: Die Woord van God
Konsentreer wanneer jy die Bybel lees, want daaruit sal jy leer om met God te wandel. (John of Apamea (vroeg in die 5de eeu) Siriese monnik en geestelike skrywer)
Lay hold on the Bible until the Bible lays hold on you. (William H. Houghton, president van die Moody Bible Institute, 1934-1947)
Bid vandag vir jouself en jou gesin; dat God se Woord die seggenskap in elkeen se lewe sal hê en praktiese besluite en optrede sal bepaal.

Getuienis van God se handewerk: Herlewing in China
Daar was ongeveer 1,5 miljoen Christene in China toe die land in 1951 'n Kommunistiese staat geword het. Die kerk het in die volgende 4 dekades ondergronds gewerk en gegroei. Christene is wreed vervolg. Miljoene het gesterf en baie het jare in tronke deurgebring, sommige van 20 tot 30 jaar. In 2009 het die Chinese regering gesê dat daar 130 miljoen Christene in China is. Bronne vanuit die ondergrondse kerk in China glo dat die getal eerder nader aan 150 miljoen is. China is tans in die "greep" van 'n verstommende herlewing. Dit is onmoontlik om presies te weet wat in die kerk in China deesdae aan die gebeur is. Sommige bronne beweer dat sowat 50 000 Chinese daagliks tot geloof in

Christus kom. Hierdie groei vind hoofsaaklik deur die huiskerke plaas. Die kerk in China word steeds vervolg, maar groei kragtig ten spyte daarvan. Missioloë sê dat China die afgelope 30 jaar getallegewys die grootste siele-oes in die geskiedenis van die kerk in enige land ingebring het. Dit op sigself gee ons 'n idee van wat vandag in China gebeur. (*Wanneer God kom* deur Bennie Mostert). *Kom ons bid vir die volgende geslag – dat hulle self ook die Woord sal glo, Jesus sal aanneem en toegewyd aan Hom sal bly lewe. Bid dat Christen-ouers hulle verantwoordelikheid sal neem vir elkeen van hulle kinders se geestelike welsyn.*

Saterdag 25 Desember 2010
Fokus op Kersdag: Sy Naam is Jesus Christus, die Woord wat mens geword het
Christene in die Weste vier vandag Kersfees. Kom ons proklameer God die Vader se plan en doel deur Sy Seun, Jesus Christus met elke stam, taal, nasie en volk; in Suid-Afrika en die res van die wêreld.

Want so lief het God die wêreld gehad, dat Hy sy eniggebore Seun gegee het, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê (**Joh.3:16**). Die Evangelies vertel van die Here Jesus wat die Vriend van sondaars is, want in die geskiedenis kon jy Hom altyd kry waar hy tussen mense beweeg het as Vriend, voordat Hy hulle Verlosser geword het. Maar besef jy dat Hy vandag nog steeds in die eerste plek ons Vriend is, sodat Hy ons Verlosser kan wees? (Watchman Nee, 1903-1972, Chinese Christenleier). Die bloed van Jesus kan 'n menigte sondes oordek, so lyk dit vir my. (Denis Diderot, 1713-1784, Franse filosoof). Christenskap is 'n geloof van redding. Dit verklaar dat God die inisiatief geneem het in Jesus Christus om ons van ons sondes te verlos. Dit is die hooftema van die Bybel. 'Ses-en-tagtig jaar lank het ek Christus gedien, en Hy het nog nooit verkeerd teenoor my opgetree nie. Hoe kan ek laster teen my Koning wat my gered het?' (Polycarpus, 69-155, Biskop van Smyrna, wat op die brandstapel gesterf het omdat hy geweier het om die keiser van Rome as god te aanbid). Loof God vir elkeen wat volhard in die geloof, ten spyte van vervolging en selfs die dood. Bid dat Christene in Suid-Afrika en wêreldwyd vreesloos, maar met liefde - as vriend – sal leef en optree en ander na Jesus sal lei.

Sondag 26 Desember 2010
Fokus: Die Woord van God
We are not to edit the Word. (A.W. Tozer)

Bid die Woord (3) (Vervolg vanaf 19 Des.)
Geloof kom deur die Woord te hoor, te lees en te verstaan. (**Rom.10:17**). Sonder geloof kan ons nie bid nie, want gebed sonder geloof behaag God nie (**Heb.11:6**). God bevestig Sy Woord en Sy beloftes met 'n eed (**Heb.6:16-17**). Hy kan nie aan Sy Woord ontrou wees nie. God openbaar Hom in die Woord. Hy toon Sy karakter aan ons deur die Woord. Die beloftes in die Woord is in lyn met Sy wese en Sy karakter, waaraan Hy nooit ontrou kan wees nie.
Die Woord van God sal vir ewig standhou. *Blomme mag verwelk, gras doodgaan, maar die Woord bly vir ewig staan* (**1 Pet.1:24-25**). Die Woord is gesaghebbend omdat God gesag en mag het. God sal Sy Woord nooit verbreek nie, net soos Hy nooit Sy verbond met dag en nag sal verbreek nie (**Jer.33:20**).
Die Vader verwys na *die Seun as die Woord.* Voordat die wêreld geskape is, was die Woord reeds daar. (**Joh.1:1-3**). God het Hom deur Sy Seun aan die Woord verbind. Die Woord en die Lam wat geslag is en wat in die middel van die troon staan, is een en dieselfde Persoon. Die gesag van die geskrewe Woord lê in die opgestane, lewende, almagtige Jesus. Die Woord van God is *nie in kettings nie.* Die magte van die duisternis en die kragteloosheid van mense kan dit nie bind nie (**2 Tim.2:9**). Tronke, hospitale, dwelmverslawing, die donkerste nag, depressie en uiterste armoede kan nie die Woord van God beperk nie. Wie hom op die Woord beroep, beroep hom op die lewende Christus vir Wie niks onmoontlik is nie. (Aangehaal uit *Doelgerigte Gebed*, Bennie Mostert). *Kies een van hierdie Skrifgedeeltes en proklameer die Waarheid van dit wat daarin staan vir jou eie en ander se lewens. Vra*

God om jou te help om Sy Woord kinderlik te glo en nie te twyfel aan Sy goedheid vir jou en jou huis en vir die nasies nie.

Maandag 27 Desember 2010
Fokus: Die Woord van God
Ek het beleef dat ek verseker en wonderlik weergebore is. Die poorte van die paradys is oopgegooi en ek het ingegaan. Daar en dan het ek die Woord heel anders begin sien. (Martin Luther (1485-1546) Duitse monnik, teoloog en leier van die Protestantse Reformasie)
Daar is 'n lewende God. Hy praat in die Bybel. Hy bedoel wat Hy sê en sál doen wat Hy belowe het. (James Hudson Taylor (1832-1905) Engelse sendeling na China)

Getuienis van God se handewerk: Feite oor die vooruitgang van die evangelie
God is in elke land besig. Mag die inligting oor die volgende lande jou bemoedig:

- In 1900 het minder as 3% van Afrika se bevolking as Christene bekend gestaan. Vandag, 110 jaar later, noem meer as 55% van alle mense in Afrika hulleself Christene.
- In 1950 was slegs 0.02% van Ethiopië se bevolking Protestantse Christene. Vandag is 19% Protestante (ongeveer 13 miljoen) en is daar meer as 31 000 gemeentes.
- In 1960 was slegs ongeveer 5% van Soedan se bevolking Christene. Vandag, na dekades van oorloë en vervolging, is dit byna 25%. In Suid-Soedan is ongeveer 70% van die bevolking Christene.
- Die mense in Nepal was tot 1990 amptelik verbied om enige ander godsdiens behalwe Hindoeïsme te beoefen. Dit was baie moeilik vir Christene om bymekaar te kom en talle is in tronke gegooi. Maar in 1990 het daar 'n rewolusie uitgebreek, waarna die nuwe grondwet vryheid van geloof gewettig het. In die vroeë 1980s was daar meer as 52 groot onbereikte bevolkingsgroepe. Vandag is daar kerke onder al hierdie groepe (in sowat 6 000 gemeentes en huiskerke).
- Meer Jode het sedert 1967 tot bekering gekom, as in al die jare vanaf 100 AD tot 1967.

Dit is tyd om God met lofsange te loof en te prys vir die redding van mense regoor die wêreld. Loof Hom vir elke Ethiopiër, Soedannees, Nepalees en geliefde wat Hy gered het. Bly bid vir individue se redding. Skryf 5 name van ongeredde mense in jou Bybel neer, of net 1 of 2 of 3 – en bid vir hulle. Moenie moed verloor nie – dit is God se wil dat mense gered moet word.

Dinsdag 28 Desember 2010
Fokus: Die Woord van God
Ons maak 'n fout as ons die Bybel sien as 'n geestelike 'toolbox'. Ons kan nie dinge uit die Bybel neem en dan 'gebruik' om vir ons te 'werk' nie. Die proses van die geestelike lewe is om voor die lewende God te staan; en Hy kom dan na ons deur Sy Woord, herskep en red ons deur daardie selfde Woord. Ons gebruik nie die Woord nie, God gebruik die Woord om Sy wil in ons te bewerk. (Eugene H. Peterson, Presbiteriaanse leraar en skrywer)
Bid dat mense nie selfsugtig met die Woord sal omgaan nie, maar na Sy wil daarin sal soek en dit vir hulleself, hulle geliefdes en die nasies sal bid. Bely dit as jy dalk materialisme of sukses of een of ander selfsugtige begeerte bo God se volmaakte wil gestel het.

Getuienis van God se handewerk: Geweldige kerkgroei in Indië
Die aantal Christene in Indië het gegroei vanaf 15 miljoen tot 75 miljoen die afgelope 15 jaar. Hou in gedagte dat die werklike groei van die Indiese kerk eers sowat 250 jaar gelede begin het. Dit het die kerk in Indië 235 jaar geneem om tot 15 miljoen te groei, maar net 15 jaar tot 75 miljoen in 2010! Die 270 miljoen Dalit is deel van die laagste klas in die kaste-sisteem in Hindoeïsme en hulle is besig om daarvan weg te beweeg. Hulle soek na 'n "god" wat hulle sal liefhê, met respek sal behandel, aan hulle genade sal betoon en sal aanvaar. Baie van hulle sê dat hulle dit in Christenskap vind. Duisende van hierdie mense neem daagliks die Christelike geloof aan. Daar is eenvoudig nie genoeg evangeliste,

kerkplanters, leraars, Bybels, boeke en opleiding beskikbaar om in hulle behoeftes te kan voorsien nie. *Bid oor elkeen van hierdie aspekte, dat God vir Sy werk sal sorg. Bid dat mense wat deur God geroep word om leraars, kerkplanters en sendelinge finansieel by te staan, nie sal terugdeins nie, maar sal gee. Bid tot God, wat die blymoedige gewer seën.*

Woensdag 29 Desember 2010
Fokus: Die Woord van God
Die Bybel help ons om te leer hoe om in die Koninkryk van God te lewe, ook vandag. Dit leer ons hoe om nuut te word, te verander. Dit is onvervangbaar vir daardie doel. Ek het nog nooit 'n mens wat 'n geestelik getransformeerde lewe gelei het, gesien wat nie diep gewortel in die Woord gelewe het nie. (John Ortberg, leraar by Willow Creek Church. The life you've always wanted, 1997)
Hoe pragtig lyk die boeke van die filosowe, met al die swier, in vergelyking met die Evangelies! (Jean-Jacques Rousseau (1712-1778) Franse filosoof en romanskrywer, nie-Christen)

Getuienis van God se handewerk: Stamgroep priester neem Christus aan, bevry seksslawe
Seksslawerny vier hoogty in stamgodsdienste in Ghana. Meisies word aan stamgroep priesters gegee as 'betaling vir sondes' – volgens 'n gebruik wat as 'Trokosi' bekend staan. Trokosi beteken vroue of slawe van die gode. *Every Child Ministries (ECM)* het onlangs 55 slawe van die "Dondergod" bevry. Dit was 'n lang proses wat 5 jaar gelede begin het. Hulle het na die priester se huis gegaan om die vroue te ontmoet om die evangelie met hulle te deel en het dit ook later met die priester gedeel. Verskeie lede van die *ECM* span het die priester die afgelope 5 jaar besoek. Stadig maar seker het die priester tot geloof in Christus gekom. Hy het by die punt gekom waar hy gewillig en selfs gretig was om sy afgodery en priesterskap te los en 'n gelowige te word. Sy bekering het tot die bevryding van die slawe gelei. Hierdie priester het ook 63 ander priesters wat onder hom gewerk het, bymekaar geroep en by hulle gepleit om ook vir Jesus te volg. Hierdie huis wat voorheen vir afgodery gebruik was, het nou 'n sentrum geword waarvandaan God se Woord uitgedra is. Dit was nie 'n maklike pad vir die priester nie, maar hy staan vas. Sommige van die plaaslike stamhoofde het hom probeer oortuig om terug te draai. Hulle wag om te sien of hy siek gaan word, en as dit gebeur, sal hulle dit toeskryf aan die feit dat hy Jesus volg. Terwyl hulle wag, het baie van die vrygemaakte slawe reeds hulle harte aan Jesus gegee.
Webwerf: http://www.mnnonline.org/article/14088 Bid spesifiek vir hierdie stamgroep – bid vir die totale bevryding van hierdie priester en vir die genesing van die meisies na liggaam, siel en gees.

Donderdag 30 Desember 2010
Fokus: Die Woord van God
I am a Bible-bigot. I follow it in all things, both great and small. (John Wesley (1703-1791) Engelse prediker en stigter van die Metodiste kerk, inskrywing in sy joernaal, Junie 1766)

Getuienis van God se handewerk: Pigmeë neem Christus aan

Sendelinge wat pionierswerk in Kinshasa doen, het in die mid-1990's na die oerwoud gegaan om die evangelie aan die Pigmeë in die Kongo te bring. Hulle het 'n stam van ses duisend Pigmeë besoek op hulle reis al langs die Kongorivier af. Die jong stamhoof, Lendongo, was een van die eerste van die stam om Christus as sy Verlosser te bely. Daarna het baie gevolg - minstens 4 000 tot 6 000 Pigmeë het Christus aangeneem in minder as 24 maande. Pigmeë gebruik dikwels bome as huise. Hulle leef en slaap in die bome en maak hulleself soms vas aan 'n tak om te verhoed dat hulle uitval terwyl hulle slaap! Die sendelinge het 'n "Every Tree Crusade" gehou. Bosuka, wat 'einde van die wêreld' beteken, is een van die groter Pigmeë gemeenskappe. Na 'n geestelike deurbraak in Bosuka het die Pigmeë 'n dorp gestig met 'n kerk in die middel. Dit het daartoe gelei dat duisende Pigmeë in die omgewing hulle lewens aan Christus oorgegee het. Die werk het aan die begin stadig gevorder, want die Pigmeë was bang vir die groter-geboude swartmense, en die eerste sendelinge was swartmense. Die Pigmeë se

gevoel van minderwaardigheid het dit moeilik gemaak om die evangelie aan hulle te bring. Een van die metodes wat die sendelinge gebruik het, was om na 'n oop stuk grond te gaan en sout op 'n boomstomp daar te los. (Sout is 'n baie skaars artikel vir die Pigmeë) Spoedig het die Pigmeë gekom, stadig nader gegaan, die sout gegryp en bobbejaanvleis of vis in die plek daarvan gelos. Stadig maar seker het hulle geleer om die Christene te vertrou. Na 'n aantal dae of selfs weke het die sendelinge 'n geleentheid gekry om 'n paar kort sinne met die sout ruiltransaksie te sê. Normaalweg neem dit 'n hele paar geleenthede voordat hulle die evangelieboodskap verstaan. Maar wanneer hulle uiteindelik die sondaarsgebed gedoen het, het hulle van vreugde begin lag. Hulle het Jesus ontmoet! Die evangelie bring transformasie in dele van die oerwoud, waar volle gesinne tot redding kom. Honderde huiskerke is begin as gevolg hiervan; en die werk groei steeds. (Bron: *Look what God is doing, Dick Eastman, Chosen Books, 2009*). Kom ons buig voor ons almagtige God wat wonders doen! Kom ons loof en prys Hom wat gesterf het sodat ook die Pigmeë kan lewe. Bly bid wanneer Hy jou herinner dat God dit wat Hy hier begin het, sal klaarmaak en dat die gelowige Pigmeë op hulle beurt die evangelie verder sal neem.

Vrydag 31 Desember 2010
Fokus: Die Woord van God
Jesus loves me - this I know for the Bible tells me so. (Susan Bogart Warner (1819-1885) Amerikaanse roman- en gesangskrywer, Lied: "The love of Jesus")
Verklaar Skrif met Skrif. (Clement van Alexandrië (c.150-215), kerkvader)

Getuienis van God se handewerk: "Monsters" op 'n vullishoop
Daar is 'n vullishoop in Addis Ababa, die hoofstad van Ethiopië, waar 'n groep kinders en jongmense woon. Die plaaslike mense noem hulle die "monsters". 'Ek en vriende van my van die *Youth with a Mission* (*YWAM)* sentrum in Herrnhut, Duitsland, het hierdie groep kinders op die vullishoop die eerste keer opgemerk nadat ons van 'n uitreik af teruggekom het. Die mense in die omgewing het ons vertel dat die groep 'n gewelddadige bende was, met bendelede wat alkohol- en dwelmverslaafdes is. Baie het ons gewaarsku om nie na hierdie gevaarlike plek te gaan nie, een het selfs gesê, "Hulle is monsters, oortrek met tatoeëermerke, hulle slaap tussen die gemors, eet vullis, drink gif en sterf nie eers nie!" Die waarheid was hartverskeurend - ons het 25 kinders en jongmense daar gekry wat eenvoudig om oorlewing geveg het. Ons het gehoor dat baie mense reeds voor ons gekom het, foto's geneem en belowe het om te help, maar nooit teruggekeer het nie. Dit was presies wat die 'vullis kinders' verwag het ons ook gaan doen. Ons het geweet waar hulle kos vandaan kom: van die vullishoop af. Maar ons het in elk geval besluit om saam met hulle te eet. Toe ons vir Brahano, die 23-jarige self-aangewysde 'pa' van die groep vra wat ons kon doen om te help, het sy antwoord ons verbaas. Hy het gevra dat iemand hulle van die Bybel moes leer. Sedert Februarie 2009 het *YWAM* spanne die vullishoop besoek. 'Hulle begin ons vertrou, maar die omstandighede is moeilik.' 'n Bende het die saal waar die seuns geslaap het, aan die brand gesteek en vir die polisie gesê dat die kinders 'n opstand beplan het. Van die seuns is toe gearresteer, maar almal is weer vrygelaat. Ons wil die groep leer om met hoenders te boer en wil voortgaan om hulle van die Bybel en ook Engels te leer. Ons huur 'n huis aan die ander kant van die stad, waar die meisies kan gaan stort, eet en aan naaldwerkprojekte (vir 'n inkomste) kan deelneem. 'n Ander span het ook reeds na Addis Ababa vertrek met die doel om hierdie groep te help.' *Youth with a Mission*. Webwerf: http://www.ywam-sf.net/contact.html *Lees weer deur hierdie verslag en vra die Here om jou te wys hoe en waarvoor jy moet bid. Onthou dat elkeen van hierdie kinders wedergeboorte nodig het – onthou dat God beloof om klaar te maak wat Hy begin. Neem beloftes uit die Skrif en bid dit vir hierdie kosbare kinders oor wie God Hom ontferm het. Miskien is hierdie 'n groep mense vir wie jy wil bly bid. Vra God om jou te lei.*